## Erkenning dat Vraagstukke Waardevol Is Vir Die Partypolitiek.

Selde kry 'n mens so 'n openlike belydenis van die partystelsel se onmag om vraagstukke duursaam op te los, weens die feit dat vraagstukke net gebruik word as skietgoed teen die ander party, as dr. Malan se verklaring voor die Transvaalse kongres van sy party verlede week. Hy het met die oog op die aanstaande verkiesing as volg gesê luidens Die Burger van 21 Sept.

„In 1929 het die Nasionale Party die kleurvraagstuk op die voorgrond geplaas en die verkiesing van toe het die Nasionale Party 'n meerderheid oor alle partye gegee. Wat in 1929 moontlik was, is weer moontlik."

M.a.w., so min het die Nasionale Party van 1929 daarin geslaag om die kleurvraagstuk op te los nadat hy hom tydens die verkiesing daarvoor uitgegee het, dat 'n ander Nasionale Party hoop om byna TWINTIG JAAR LATER weer op die rug van dieselfde vraagstuk in te ry.

Die bietjie wat die Nasionale Party tydens sy tienjarige bewind aan die vraagstuk kon doen, is daarna weer ongedaan gemaak deur sy opvolger. Daarom wil die O.B. hierdie stelsel afskaf waarin vraagstukke op grond van hul verkiesingswaarde benader word, en nie op grond van hul volkskadelikheid nie.

## K.G. BESOEK NOORDWESTE

Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, het verlede week 'n reis deur Noordwes-Kaapland voltooi wat met skitterende welslae bekroon was. Vir die uitgestrekte gebiede was die opkomste besonder goed en die geesdrif was van so 'n aard dat dit die besef versterk het dat die Ossewabrandwag deur niks meer gestuit kan word nie in sy opmars na bewindsaanvaarding. Die K.G. se verwysing na die moontlike stigting van 'n parlementêre front is dan ook allerweë verwelkom.

Die volgende plekke is besoek: Williston, Calvinia, Vredendal, Kammieskroon en Nababeep.

● As manssokkies se voete te stukkend is om te stop, sny die sool van die sokkie af en brei 'n nuwe hak en sool.

## Brief Aan My Demokratiese Vriend

Geagte Volksgenoot, — in my vorige brief het ek die benaming van ons nuwe staat behandel en aangetoon waarom ons van „gesagstaat" praat en nie van ware demokrasie nie, soos die geleerde Afrikaner voorgestel het. Hierdie Afrikaner wat, soos ek reeds gemeld het, dit baie goed bedoel met sy kritiek, het egter ook nog 'n paar ander puntjies aangeroer waarop ek jou aandag wil vestig. Hy stel die vraag waar een van die organisasies die reg vandaan kry om homself tot 'n volksbeweging te verklaar en die ander deur homself te vervang, en vra of dit nie beter sal wees as die bestaande organisasies saamgebind word in die een of ander beleidsraad wat dan aan elkeen sy terrein sal toewys en toesien dat dit gehandhaaf bly nie?

Ek sal eers die laaste deel van die vraag beantwoord. Die staatkundige organisasie het die taak om die staat te organiseer wat moet toesien dat die openbare orde gehandhaaf word. Die staat moet die onderlinge varhoudinge tussen persone en liggame reël. Dit is die besondere taak van die staat, of, soos ons dit kan noem, die politiek. Hierdie taak kan dus nie opgedra word aan die kultuur of die godsdiens of die ekonomie nie en nog minder aan 'n kombinasie van die drie, want dit sal al dadelik 'n oortreding wees op die staatkundige terrein en dus aanleiding gee tot botsing. Dit beteken nie dat LEDE van die ander drie inrigtings ook nie kan deelneem aan die staatkundige front nie. As persoon kan ek wel lid wees van my kerk, van my kultuurorganisasie en ook van my politieke organisasie, maar op elke gebied bepaal ek my dan tot die besondere taak van daardie organisasie of instelling. Daarom sal dit verkeerd wees as ons die terrein van die politiek inkort deur ander organisasies gelyke seggeskap daaroor te gee. So 'n beleidsraad is dus buite die kwessie. Dit is die taak van die politiek om die verhouding tussen persone en liggame te reël en te handhaaf, sonder natuurlik om in die inwendige lewe van die ander lewenskringe in te gryp.

### NATUURLIKE EENHEID

Die geleerde praat ook van „organisatoriese" eenheid wat op hierdie wyse verkry moet word. Ons wil egter nie net „organisatoriese" eenheid hê nie, maar organiese eenheid, d.w.s. ons strewe nie daarna om eenheid tussen verskillende organisasies te bewerkstellig nie, maar om ons volk so te organiseer dat hy 'n natuurlike of organiese eenheid sal wees. Om 'n beeld te gebruik: Ons wil nie maar net 'n klomp stokkies aanmekaar bind en dan sê hulle is nou 'n onbreekbare eenheid nie. Ons wil daardie „stokkies" liewer beskou as lewende takke van 'n boom, want 'n volk is nie maar net 'n klomp mense wat saamgebind kan word nie, maar dat is 'n lewende eenheid wat uit verskillende organe bestaan en so georganiseer moet word dat alle vertakkinge van sy lewe tot uiting kom: die kulturele, die staatkundige, die ekonomiese en die godsdienstige. Mens begin dus nie by die organisasies of takke (van die boom) nie, maar by die volk of boom self. Die organisasies maak nie die volk nie net so min as wat die takke die boom maak. Hulle is net daar om die volk of die boom te help om homself uit te lewe.

Die volksbeweging wil dus die volk so organiseer dat hy geen onnodige organisasies soos b.v. 'n stuk of twaalf politieke partye het nie, maar dat hy vir elke vertakking van sy lewe 'n front het waarmee hy hom kan laat geld. Alle droë takke moet uitgesnoei word. En die organisasie wat hom hierdie pragtige doel voor oë stel, is die volksbeweging. Dit is dus nie 'n kwessie van „uitroep" tot volksbeweging nie, maar daardie organisasies is die volksbeweging wat hom ten doel stel om die volk so te organiseer dat hy 'n lewende eenheid sal wees soos die boom of die liggaam van die mens. En so 'n ganisasie is die volksbeweging wat Hy is die enigste organisasie wat van sy stigting af hom daarvoor beywer het om die volk op alle terreine te dien en die hele volk as 'n eenheid te omvat. Daarom skop hy nie lede uit wat aan ander organisasies behoort nie, maar sê hy dat alle goeie Afrikaners by hom welkom is. Hy staan nie vir 'n klompie partygenote nie, maar vir al die volksgenote. Hy is dus volksbeweging kragtens sy wese, en nie kragtens sy aanspraak nie.


# £125,000

# IN VYF MAANDE

*Die nuwe aandele-uitgifte van Kopersbond word nog steeds in 'n baie vinnige tempo deur die publiek opgeneem. Die beleggende publiek bewys daagliks hul vertroue in Kopersbond en hulle besef dat dit moeilik gaan om 'n meer ideale belegging te kry as Kopersbond-aandele. Want Kopersbond-aandeelhouers deel in die winste van een van die grootste groothandelsake in die Unie, die grootste Meubelbesigheid in die land, 12 Kleinhandelsake, 'n Finansiële Instelling, 'n Kantoormasjienmaatskappy, 'n Mansuitrustersaak, ens.,*

**Oor die laaste drie jaar is in totaal 32% dividend uitgekeer.**

**3,400 Aandeelhouers het reeds vir £625,000 uitgeneem.**

*SKRYF DADELIK OM PROSPEKTUS EN KUNSBROSJURE.*

**BESONDERHEDE VAN AANDELE:**

Die aandele word aangebied teen pari. By aansoek is 25% en by toekenning 'n verdere 25% betaalbaar.

Slegs 50% word nou op aandele opgeroep en is as sulks betaalbaar, maar aandeelhouers kan, as hulle verkies, die ander 50% by wyse van 'n lening by die Maatskappy stort, waarop dan 6% rente per jaar betaal sal word.

SKEUR HIER AF

IS U REEDS 'N AANDEELHOUER?..........

Posbus 8363,
JOHANNESBURG.

VORM VAN AANSOEK OM B-AANDELE IN

**DIE KOPERSBOND BEPERK**

(Opgerig kragtens die Wet op Maatskappye, 1926).

Ek/Ons die ondergetekende/s..................................................

doen hiermee aansoek vir...........................„B"-aandele van £5 elk (50% opgeroep, betaalbaar 25% by aansoek en 25% binne 3 maande na toekenning), in die Maatskappy en sluit hierby

tjek groot £......................... synde........%. Ek/ons onderneem om bogemelde aandele of so 'n minder aantal as wat aan my/ons toegeken mag word, te neem onderhewig aan die Statute van die Maatskappy en om die verdere paaiemente te betaal soos deur die Prospektus bepaal. Indien alleen 25% nou betaal word, beloof ek/ons om 'n verdere 25% binne 3 maande van die datum van toekenning te betaal.

Handtekening ..................................

Getuie .................................... Beroep ..................................

Datum .................................... Woonadres.................................


## OU MOEDER WERK VIR OSSEWABRANDWAG

Komdt. L. J. Keuler van Oupos, Blikfontein, berig dat die Keuler-familie besluit het om die verjaardag van hul 72-jarige moeder te vier by wyse van 'n funksie waarvan die opbrengs na die Noodhulpfonds sou gaan. Die dag is jukskei gespeel en vleis gebraai en die aand is 'n toneelstukkie opgevoer wat die bedrag van £8 ingebring het. Die ou moeder het ondanks haar hoë ouderdom deur middel van haar handewerk £10 opgebring vir O.B.-dag.

## GROOTRAAD GAAN SKEPPING VAN PARLEMENTÊRE FRONT OORWEEG

(Vervolg van bls. I, kol. 3)

traak hom meestal nie — solank as hy dit kry. Wat behoort 'n middel te wees — nl. stemme vang — die word 'n doel, waartoe alle middele goed geag word. **Die partywese beskou die mens as minder belangrik as die stembriefie wat hy of sy elke vyf jaar in die bussie gooi.** En alle stembriefies weeg ewe swaar in daardie atmosfeer. Die stembrief van elke kommunistiese kleurling weeg net so swaar as dié van die eerste burger van die land. En twee kleurlingstemme weeg swaarder as een volksvader se stem.

**Maar die Ossewabrandwag leer ons dat die mens meer is en belangriker is as sy stembriefie. En waar die partygees die hoogste menslike aktiwiteit op aarde sien in periodieke stemmery teen mekaar, daar sien die O.B. die mens se hoogste waarde in die uitlewing van sy of haar persoonlikheid en in diens aan jou medemens, soos in ons Arbeidsfront of in ons Noodhulpfonds vir Afrikanerfamilies.**

### ONTWIKKEL STEEDS

Daar is nie die minste gevaar dat ons die kameraadskap en besielende offervaardigheid van vyf jaar se stryd, lyding, konsentrasiekampe, tronkselle — **kortom 5 jaar se O.B.!** — gaan verkwansel vir die lensiesop van 'n party-stigting nie, **maar daar is niks wat verhinder om ook die parlementêre wapens of ammunisie tot ons lede se beskikking sodanig te organiseer dat ons die beste resultate daaruit behaal.** Veral nou dat skeursieke leiers die laaste O.B.-man en vrou en kind uit hul party skop.

Die Ossewabrandwag as Volksbeweging is 'n totaliteit, net soos 'n volk 'n totaliteit is. **En so 'n Beweging werp fronte op al na gelang van die stryd en van die volksnood. Uit die Aksie-front van ons Kommando-organisasie het gekom die Volksbeweging. En uit die Beweging het gekom 'n sosiale front — getuige ons Noodhulpfonds. Maar daardeur het ons nie die O.B. omgeskep in 'n liefdadigheidsorganisasie. En ons het 'n Jeugfront, sonder om suiwer 'n jeugbeweging te wees. Ons het 'n Arbeidsfront, sonder om 'n vakunie te word. En ons kan seer sekerlik nog 'n front, 'n parlementêre front, stig sonder om 'n party te wees.**

Die O.B. gaan voort presies soos voorheen. Maar as dit elke vyf jaar nodig word om vir 'n paar weke sy kragte op 'n nuwe front in te werp, dan kan hy dit doen. Ek wil byvoeg dat ons hierdie front as taamlik bykomstig beskou. M.i. is die belangrikste bydrae wat die Ossewabrandwag tot ons volkspolitieke lewe gemaak het, die totstandkoming van **ons Arbeidsfront. Daardeur het die organiese band tussen die Afrikaner in die stad en sy volksgenoot op die platteland hegter en gesonder geword** — tot toekomstige heil van albei en van ons volk. Veral in die industriële nood en storms wat voorlê is hierdie organiese band van deurslaggewende betekenis.

Maar 'n O.B.-parlementêre front, al is dit van sekondêre belang, kan sekere resultate in ons politieke lewe behaal. Dit kan die haatverblinde politici, wat op die oomblik hemel en aarde wil beweeg om die O.B. te breek, tot besinning bring. En waar ons vandag g'n enkele mens in die parlement het, wat die lyding van republikeinse manne en vrouens en kindertjies aan die Volk daarbuite die parlement wil aanskouelik maak nie, daar kan ons daardie posisie verander. **Ook kan ons die duisende aanhangers wat die O.B. het, maar wat nie lede mag wees nie, amptenare en andere, die kans gee om hul gesindheid te betuig.**

Vir diegene onder ons teenstanders wat sal sê dat ons nou hul metode— stemmery—verkies bo ons eie, d.w.s. **bo stryd en opoffering**—sê ons dat ons g'n enkele O.B.-wapen uit die hand gee nie. **Ons neem net een by al is dit 'n swakke.**

### AANSTAANDE VERKIESING

Met die algemene verkiesing verlede jaar het die O.B. slegs onregstreeks opgetree. Maar hy het opgetree. Voor die verkiesing het hy steun aangebied aan die drie destydse opposisie-leiers, as hulle mekaar kan vind. Deur die halsstarrigheid van een, die H.N.P.-leier, is die gesamentlike front verongeluk. Maar selfs daarna het die O.B. skouer aan die wiel gesit en sy lede gevra om teen die Empire te stem vir goedgesinde kandidate.

Wel, die moontlike daarstelling van 'n parlementêre front sal daardie leiding van verlede eleksie onveranderd laat, ook in die toekoms. **Die enigste verskil — 'n baie gelukkige — is dat daar hierdie keer alle rede is om aan te neem dat daar goedgesinde kandidate sal wees. As die opposisiepartye nie vir hulle sorg nie, kan die O.B. dit regstreeks doen. Of die betrokke persoon self O.B. is of nie, sal afhang van omstandighede en die vereistes van die tyd en die plek. Maar 'n onverbiddelike vereiste in alle gevalle sal wees dat die persone finaal afgesien het van broedertwis en dat hulle die gees en strewe van die Ossewabrandwag, 5 jaar se konsentrasiekampe, Noodhulp en republikeinse stryd, ken en respekteer en vertolk.**

Laat my die hele gewaande meerderwaardigheid van die beroepspolitici met een korte en onverbloemde waarheid aan die kaak stel: Die laaste vyf jare van oorlog, noodregulasies, stryd en opoffering het weereens ons volk geleer dat woorde wek, **maar dade trek.** En as die O.B.-parlementêre front geen ander regverdiging het, as net hierdie, is dit al genoeg, naamlik: dat as **'n O.B. of S.J. goed genoeg is om tronktoe of konsentrasiekamp toe te gaan vir die Republiek, dan is hy seer sekerlik goed genoeg om vir die Republiek parlement toe te gaan.** Die vereiste kwalifikasies vir die parlement is heelwat laer as vir die konsentrasiekamp wat betref Afrikanermoed en opoffering.

### BEËINDIG PARTYWIS

Ons word uitgeskop en ons gaan ons eie pad, desnoods ook die parlementêre voetpaadjie. Per slot van rekening dis ons eie stemme en ons kan daarmee maak wat ons wil— nie soos hulle wil nie.

Heel moontlik kan die Afrikaners wat sat en siek is vir die broedertwis en partygeskil wat sedert 1912 broer van broer, suster van suster en ouer van kind geskeur het — wat ons volk gesplits het in Sap en Nat, Smelter, Gesuiwerde en wat dies meer sy — **sulke Afrikaners kan 'n nuwe begin maak in 'n Volksbeweging wat nie na jou partykaartjie vra nie, maar na jou opregte bedoelings vir die toekoms van jou volk.**

**In so 'n Volksbeweging, sosiaal in sy nasionalisme, nasionaal in sy sosialisme lê ons bolwerk teen beide die siellose uitbuiting van die geldmag en teen die anti-blanke gevare van die kommunisme. Daardie „Nuwe Begin" is die Ossewabrandwag.**

Die K.G. het ten slotte gesê dat daar deesdae baie gepraat word oor verkryging van volkseenheid. Daar word oral vurige gebede opgestuur daarvoor. **Moenie vergeet nie dat die Here ons reeds daardie eenheid soos met 'n wonderwerk geskenk het op 9 September 1939, toe 70,000 Afrikaners getuie was van daardie eenwording by Monumentkoppie. Kort daarna egter is daardie eenheid vernietig deur stories omtrent vrymesselaarsbriewe. Dit is 'n gewigtige saak wat ons nie uit die oog mag verloor nie. Ons het self deur partypolitieke optrede daardie eenheid wat ons gegee was verbreek.**

---

**ROMMELVERWERKING**

● Waterdigte seep- en vadoeksakkies kan gemaak word van enige stukkie oorskiet kreton en 'n stukkie van 'n ou reënjas. Ook poeiersakkies kan so dig gemaak word.

## VLIEGENDE TYD TREF 18,000 HUISE

### Terugslag vir Demokrate

Op gevaar na dat ons lesers verveeld kan raak van min. Harry Lawrence se „twaalf maande-aankondigings" kan ons weereens berig omtrent die vordering van die groot demokratiese behuisingskema. Hierdie Minister het verlede week as volg aangekondig: „As gevolg van die ooreenkoms betreffende die geldelike reëlings van die regering se nasionale behuisingskema, is planne beraam vir die bou van 12,000 huise in **die Unie in die loop van die volgende twaalf maande."**

Mnr. Lawrence het ook beduie dat min mense weet wat reeds gedoen is om die woningtekort die hoof te bied. In die drie maande eindigende 30 Junie l.l. is 1,065 huise voltooi, terwyl nog 'n 3,661 in aanbou was. Die minister het nie verduidelik of hierdie getalle betrekking het op die huise wat privaat persone ten spyte van die regering se beperkings laat bou het nie.

In elk geval, van die 30,000 huise wat hierdie maand afgelewer moes word, het 18,000 die afgelope twaalf maande verlore geraak, en net 12,000 bly oor vir die volgende twaalf maande.

## TROOSTELOSE TOEKOMS VIR SOLDATE

Min. H. G. Lawrence, wat die aanbou van 30,000 huise in die afgelope twaalf maande in vooruitsig gestel het, maar verlede week die „twaalf maande" afgesluit het sonder om hulle af te lewer omdat daar nog nie eens met die eerste een begin is nie, is ook Minister van Demobilisasie. **Aan hom is die taak opgedra om honderdduisende soldate van werk te voorsien die dag as hulle uit die leër ontslaan word!**

*'n Jong Afrikaner skryf as volg :*

**„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."**

**Meer as 200 Kursusse.**

**Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.**

*In belang van Opvoeding nie van winste nie.*

**Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).**

**Helpmekaar-korrespondensie-kollege**

**VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,**

**JOHANNESBURG**

**Posbus 3512 Foon 22-3512**

(O.B., 27 Sept. 1944)

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

***Die O.B. Veg aan die Arbeidsfront.***

Hier, met die Rand as middelpunt, word oor ons Volkstoekoms beslis.

***LEES***

die eerste Afrikaanse boek oor

**Die Stryd van die Afrikanerwerker**

(in die afgelope 60 jaar)

*deur*

*DR. P. J. MEYER (wnde. O.B.-Arbeidsleier).*

Om die Afrikaner-sosialistiese strewe van die O.B. volledig te verstaan, moet u weet van die botsende strominge in die arbeidswêreld.

Prys 2/6 posvry. — Bestel van:

**PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK,**

**Posbus 4892, JOHANNESBURG.**

**Wit Skoene gaan baie skaars word!**


**Bestel dadelik.**

**Wit, wit met swart Loopskoene**

**30/9, 32/3, 36/-.**

**Wighakke**

**43/-, 44/-, 45/- per paar.**




**Seuns.**

Sandale vir somer!

**19/6 per paar!**

Swart of bruin seunskoene

**14/6 per paar!**

**Skoen Tuis Uitsoek en Aanpas ? ? Natuurlik.**

**Skryf slegs wat U verlang ! !**

**Mans.**

'n Ligte, sterke, buitenaat skoen,

swart of bruin

**21/6 per paar.**

(Ideaal vir jukskei.)

**Plaasstewels** — Voortrekker, watterdig, bruin, net die ware Jakob!

**30/6 per paar.**

●

**De Bruyn se Posbestellings (Edms.) Beperk,**

**Sanlam-Gebou 139, Andriesstraat, Foon 3-1124, PRETORIA.**

DIE O.B., WOENSDAG, 27 SEPT. '44.

# O.B. Was Geen Oorlogsproduk

In die lewe van 'n volk is daar twee soorte gebeurtenisse. Albei kan heelwat opspraak verwek, maar die een word vergeet en die ander leef voort. Die een staan alléén en is maar net 'n voorval; die ander vorm die brug tussen 'n reeks gebeurtenisse, en is 'n geskiedkundige daad. So was die Foster-bende se bedrywighede in 1914 'n losstaande voorval wat lankal vergeet sou gewees het as dit nie toevallig sydelings met die Rebellie verward geraak het nie. Laasgenoemde egter word steeds sterker omlyn namate jare verbysnel. Die rede hiervoor is dat enige gebeurtenis wat in verband staan met die ontwikkeling van 'n volk, **'n organiese deel uitmaak van daardie volkslewe en dus ook groter moet groei namate die volk groter word. So 'n geskiedkundige gebeurtenis plant homself voort — hy skenk die lewe aan die volgende geskiedkundige daad.** So word geskiedenis gemaak. Dit is dus onmoontlik dat 'n groot gebeurtenis wat in noue samehang staan met die lewe van 'n volk, sommer uitgeskakel kan word as 'n alleenstaande voorval. Dit moet eers homself voortplant voordat dit terugtree.

**So 'n geskiedkundige gebeurtenis is die stigting van die Ossewabrandwag en sy vyfjarige worsteling om behoud van die Afrikanervolk. Die ontstaan en stryd van die Ossewabrandwag met sy honderde slagoffers, sy sterke lotsgemeenskap en sy meesleurende lewensbeskouing is 'n ingeweefde stuk geskiedenis van die Afrikanervolk, en dit moet verder saamlewe met die volk.** Wanneer mense dus vandag praat van die verdwyning van die Ossewabrandwag omdat dit vir hulle lyk of Duitsland die oorlog gaan verloor, hou hulle nie rekening met hierdie feit nie. As hulle net in gedagte hou dat die Ossewabrandwag geen oorlogsproduk is nie **maar dat hy 'n jaar *vóór* die uitbreek van die oorlog tot stand gekom het,** sal hulle besef dat hierdie Beweging 'n baie duursamer plek in die Afrikaanse geskiedenis beklee as by voorbeeld die militêre leër van genl. Smuts wat 'n oorlogstigting is. **Hierdie leër moet verdwyn as die oorlog verdwyn, maar die Ossewabrandwag sal voortleef omdat hy 'n deel uitmaak van die organiese ontwikkelingsgang van die Boerevolk.**

**AANGEPAS BY OORLOG**

Tydens die oorlog het die Ossewabrandwag hom aangepas by die nuwe omstandighede. Hy het die Afrikanerdom se daadwerklike verset geword teen die oorlogsbeleid. Aan hierdie tydelike front het hy hom verset soos geen ander Afrikaanse organisasie gedoen het nie — getuie sy honderde lede agter doringdraad. Maar die dag as die vrede aanbreek, gaan die Ossewabrandwag voort met die taak waarvoor hy in die lewe geroep is: om aan die Afrikanervolk eenheid en vryheid te gee. **Hy sal dus die stryd teen partypolitieke verdeeldheid aanbind op elke terrein waar hy dit ontmoet. Sy verset teen die oorlog —produk van partypolitieke geknoei— het hy op totale wyse gevoer. Sy stryd teen volksverbrokkeling gaan hy op dieselfde wyse voer.** En as dit nodig word dat hy die kampvegters van verdeeldheid en broedertwis op hulle eie terrein moet beveg, soos Hitler in Duitsland gedoen het, sal hy dit doen en moet hy dit doen. Daarom is dit 'n vanselfsprekende ontwikkeling dat die Grootraad die nuwe strydmetode van die Ossewabrandwag moet oorweeg. Die Ossewabrandwag kan nie maar uitval as 'n losstaande gebeurtenis nie. Hy het gekom met 'n roeping en daardie roeping gaan hy vervul of dit nou in oorlogstyd dan wel of in vredestyd gaan wees. Maar wat daardie metode ook al sal wees, dit sal geskied in die nuwe gees wat die Ossewabrandwag gebring het, naamlik dat hy dink en doen in terme van die hele volk, en dat hy nie partygenote raaksien nie, maar net volksgenote.

Sou die Grootraad besluit om newens sy verskillende volksfronte ook nog 'n parlementêre front te skep, sal dit ook op hierdie breë grondslag geskied, **want in teenstelling met politieke partye wat lede van ander politieke organisasies uitsluit en uitskop omdat hulle op voet van vyandskap lewe, staan die Ossewabrandwag se deur oop vir elke volksgenoot wat wil saamwerk aan hierdie groot taak van volksbou. Op dié wyse sal daar vir die eerste maal sedert 1910 'n Beweging wees wat deur die hele volk gesteun kan word omdat hy vir die hele volk staan.**

# *Bolsjewistiese Ideologie en Imperialisme op die Mars.*

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

Daar is onder hierdie rubriek reeds gewys op die aaklige toestande in die „besette" of „bevryde" lande van Wes-Europa op die vooraand van hierdie sesde oorlogswinter. Verlede week het 'n berig van Sapa-Reuter uit Rome hierdie aaklighede bevestig. Hiervolgens het die Brits-Amerikaanse arbeidsafvaardiging wat Italië besoek, 'n verklaring aan die pers uitgereik waarin die toestande in Italië as „onbeskryflik" genoem word. Hulle verklaar onder meer dat die meeste werkers sonder gereelde werk is, dat die sterftesyfer onder kinders wat nog nie 'n jaar oud is nie, in die provinsie Rome 450 uit elke duisend is, en dat skoene in Rome £10 per paar kos. Olyfolie, wat so 'n belangrike plek in die Italiaanse voeding inneem, kos 26 sjielings per liter op die swartmark hoewel die prys amptelik op 2d. per kwartgelling vasgestel.

Hierdie „onbeskryflike toestande" in Italië geld in mindere of meerdere mate ook vir ander dele van Wes-Europa soos Frankryk, België en Nederland. Na vyf jaar van oorlog, besetting en bevryding, afgesny van die oorsese wêreld deur die Brits-Amerikaanse blokkade, hul stede en veral hul hawestede verwoes, hul spoorweë en brûe grotendeels onbruikbaar gemaak, hul rollende materiaal van alle soorte in 'n gehawende toestand, hul burgers besig om mekaar onderling te vervolg en te vermoor en met honger en koue in die onmiddellike vooruitsig, gaan hierdie lande ryp wees vir die ideologie van 'n Karl Marx. Die vreeslike lyding van 'n langdurige oorlog gaan kommunisme in die hand werk soos nog nooit tevore nie. Die man of vrou wat alles verloor het en hongerend en bibberend sonder werk sit, val maklik vir die lokstem van die kommunisme.

Dit hoef dus geen verbasing te wek as die oorgrote meerderheid van die bevolking van Wes-Europa die oë op Moskou gaan rig nie en geesdrif vir die Hamer en Sekel gaan ontwikkel nie. Die rooi vloedgolf van Bolsjewisme staan miskien op die vooraand van sy grootste oorwinning: die Wêreldrevolusie met die proletariaat as die skynbare oorwinnaar. Op die oomblik is dit nog net die leërs van 'n Hitler wat tussen die rooi vloedgolf en Wes-Europa staan. As hierdie Duitse oosfront ineenstort, soos deur Washington en Londen in die vooruitsig gestel word, is dit moeilik om te sien watter magte hierdie rooi vloedgolf binne en ook buite Europa kan keer. Die toekoms sal moet leer of die Moskouse bondgenote in Washington en Londen daarin sal slaag om die rooi vloedgolf te keer. Die Brits-Amerikaanse prestasies in die „bevryde" Italië en ander „bevryde" lande lyk nie baie hoopvol nie.

**Russiese Imperialisme.**

Maar die huidige oorlog het nie alleen 'n ideologiese aspek nie al stel die propaganda die ideologiese so graag op die voorgrond. Wat die Angel-Saksiese propaganda ook al doen om die ideologie van sy Bolsjewistiese bondgenoot te vergoelik, het die gebeurtenisse sedert 1939 keer op keer bewys dat Stalin se Rusland niks van die Tsaaristiese imperialisme prysgegee het nie. Net soos die „Drang nach Westen" hom van 'n Peter die Grote meester gemaak het toe hy in die 17de eeu sy nuwe hoofstad St. Petersburg (Leningrad) aan die Oossee gebou het en sy gesig na die Weste gekeer het, so ook het die „Drang nach Westen" hom van die Russiese Kolos van die 20ste eeu meester gemaak. Net soos die ou Rusland eeuelang die ongelukkige Pole as 'n „stepping-stone", soos Thomas Carlyle dit genoem het, gebruik het om in Europa te kom, so ook gebruik die moderne Russiese Kolos die nuwe Pole, tenspyte van Britse waarborge aan Pole, om na die Weste deur te dring. Net soos die ou Tsaaristiese Rusland onder die dekmantel van Pan-Slawisme sy imperialistiese strewe bedek het om op die Balkan vaste voet te kry en die strategies-belangrike Dardanelle te bemeester, so ook dring die Bolsjewistiese Rusland vandag voorwaarts op die Balkan in die rigting van die Dardanelle, maar hierdie keer onder die dekmantel van 'n bondgenootskap met die Angel-Saksers teen die wêreldgevaarlike Duitsland.

Die Russiese imperialisme van die laaste drie eeue het dus niks verander nie. Die enigste verandering is dat Moskou i.p.v. 'n vyand in Londen waardevolle bondgenote in die twee Engelssprekende grootmoondhede gevind het. Waar Rusland gedurende die 19de eeu, na die val van Napoleon, in Londen as die grootste en gevaarlikste vyand beskou was, waar die Bolsjewistiese Rusland na die laaste Wêreldoorlog deur die Britse regering uitgekryt en met wapens beveg is en waar Rusland in 1939 in Londen as 'n „agressor" verdoem is toe hy Pole binnegeval en die klein Finland beoorlog het, daar is Rusland vandag „our Ally" en word sy agressiefste imperialisme, al geld dit ook 'n land wat 'n Britse waarborg in die sak het, op alle moontlike maniere vergoelik en verheerlik. „Nuwe tye, nuwe sedes!"

**„Ek proklameer die belange van die volk teenoor die partye en politici."** Met hierdie woorde het genl. Gomes da Costa in 1926 die partypolitieke demokrasie deur middel van 'n staatsgreep in Portugal beëindig. Sedertdien het daar vrede en opbouwerk in daardie land gekom na 'n afbreek-politiek van geslagte.

## HELDEDAGVIERING BY KOFFIEFONTEIN.

Die Vrystaatse Gebiedskantoor maak melding in 'n bevel van die viering van Heldedag vanjaar by Koffiefontein. Die bevel lui dat aan ons Boerehelde uit die geskiedenis vanjaar weer op 10 Oktober hulde gebring moet word, maar dat die Ossewabrandwag terselfdertyd ook hulde gaan bring aan helde van die hede en wel by Koffiefontein waar die grootste sametrekking van hulle in die interneringskamp is. Die viering begin om 10 vm. op die munisipale terrein op die Luckhoff-pad. Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, sal ook teenwoordig wees.

**KOMMISSIE-AGENTSKAP**


LAAT U MEDE-BOERENDE-BOERE SE YWERIGE KOMMISSIEAGENTSKAP, DIE

**VOLKSKOPER MARK**


Beperk,
Wolhuterstraat 62,
NEWTON JOHANNESBURG,

U PLUIMVEE, EIERS, LEWENDEHAWE, VRUGTE EN ALLE ANDER SOORTE PRODUKTE VIR U VOORDELIG VERKOOP.

Leuse — „DIENS."



**NEEM TOE IN POPULARITEIT**



**IN 'N VERANDERENDE WÊRELD**


*Kommando*

-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BH 2288



JOHAN HEFER

**BINNE 10 DAE**

NADAT U MET MY KURSUS BEGIN HET, SAL EK BEWYS LEWER OM 'N NUWE MAN VAN U TE MAAK
OF
U FOOIE TERUG TE BETAAL.

- Geen ander kursus kan u hierdie waarborg gee nie.
- 15 jaar se ondervinding en studie van die menslike liggaam stel my in staat om u die beste afrigting per pos te gee.
- Hierdie kursus is die beste en goedkoopste (vir sy hoë gehalte) in die wêreld.

- Dit is oorspronklik, volledig, modern en pragtig geïllustreerd.
- U ouderdom of ambag is geen hindernis nie.
- Geniet die lewe deur gesond en sterk te wees.
- Baie Springbok-atlete en Kampioen Sportsmanne in die land is Hefer-leerlinge.

Skryf om besonderhede aan:

JOHAN HEFER — Posbus 8809 — JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam ..................................................

Adres ..................................................

..................................................

# Geweld Kan Idee Nooit Vernietig Sê O.B.-Leiers

## Groot Verjaardagviering Te Paarl

**,,Die dag gaan binnekort aanbreek wanneer die volk van Suid-Afrika nie langer die speelbal van partypolitieke wedywering sal wees nie, want die Ossewabrandwag gaan alle ander fronte omverwerp. As daar gestem moet word, sal die Ossewabrandwag sorg dat daar vir die volk gestem word en nie vir partye nie," het genl. J. A. Smith, Adjunk-kommandant-generaal, by geleentheid van die verjaardagviering op die Paarl gesê.**

Genl. Smith het gesê dat ons vanaand die grootwording van die Ossewabrandwag vier, want ondanks alle teenmagte het die Beweging steeds nuwe hoogtes bereik in die afgelope jaar — in teenstelling met die leed-vermaak van bekrompe mense wat nie verder kan sien as die draadversperrings wat hulle rondom hulself gespan het nie en nou verklaar dat die O.B. sal verdwyn omdat dit lyk of Duitsland die oorlog dalk kan verloor. **As Duitsland se ondergang skade is vir die O.B. dan is dit net so 'n groot skade vir enige christelike mens in die wêreld, en hy wat hom verheug oor die moontlike terugslag van Duitsland, verheug hom oor sy eie leed.**

Ons het egter al geleer dat 'n oorwinning met die wapen 'n tydelike saak is. Genl. Smuts kan 'n O.B.-man in die tronk smyt en moorddadig behandel soos hulle doen, maar daardeur behaal hy geen oorwinning oor daardie man nie, want as hy uit die tronk kom na hy vir sy volk gely het, is hy 'n sterker man. Na 1902, toe die Afrikaner met wapengeweld en moordkampe verslaan is, het hy weer sterker geword. In 1914 is 'n handjievol rebelle platgeslaan en neergejaag. Hulle is ook in tronke gesmyt en so sterk was die gevoel teen hulle dat gemeentes selfs geskeur het. **Nogtans het daardie rebellegees oorwin en in 1924 regeer. Toe het Duitsland verloor soos 'n volk maar kan verloor.**

Vyande kan kom met vlootmagte, lugeskaders en troepemagte, maar een ding word by 'n volk nimmer ondergesit nie en dit is sy onwrikbare wil om homself te handhaaf. **Het die O.B. nie reeds hierdie wil getoon nie?** Wat gedoen kon word teen hom is gedoen. Mense van invloed het die O.B. van alles beskuldig en tans word ons selfs rampokkers genoem. Daar is die politieke speurdiens met sy sataniese lis. Die dag van afrekening kom vinnig. Aan ons vervolgers sê spr.: Julle groot baas, die imperialisme in Londen, speel nie eens meer tweede viool nie en ek twyfel of hy selfs nog in die orkes is. Ook Smuts is 'n vliedende skaduwee. **Sy eie mense gaan hom vernietig weens die warboel wat hy gestig het. Ons sal hierdie onaangename taak gelukkig gespaar bly.** Vandag belowe Smuts aan sy volgelinge bestaansveiligheid, maar as hy dit met al sy toegeëiende magte vandag nie kan bring nie, watter hoop het hy om dit in die na-oorlogse ontwikkeling vir hulle te gee?

**NUWE KOM**

Wat die O.B. betref, ons weet dat die tyd aanbreek wanneer ons van al hierdie dinge ontslae gaan raak. **Daar is 'n revolusie aan die kom wat al hierdie ou instellings omver gaan gooi en wat dwarsdeur die wêreld na vore kom** — noem dit nasionaal-sosialisme as u wil. Daarom gaan die Ossewabrandwag hom voorberei vir sy taak. **U gaan binnekort 'n aankondiging verneem dat die O.B. stappe gaan doen om self die leiding te neem om die volk uit die moeras op te hef** (groot toej.). Die wêreld het geleer dat jy nie kan staat maak op masjinerie waarin jy nie vir die volk stem nie, maar net vir 'n party. Die Ossewabrandwag gaan toesien dat as daar gestem moet word, dit vir die volk sal wees en nie vir 'n party nie. Ons is gekant teen die maak van kruisies vir 'n party, maar nie teen kruisiemaak vir 'n volk of 'n leier van die volk nie. Die volk gaan, as dit nodig word, kandidate kies om Sy Majesteit se Parlement met Sy Majesteit se Regering en Opposisie uit te werp. Hulle sal nie na die parlement gaan om daar te gaan sit nie. Die dag gaan aanbreek wanneer die volk van Suid-Afrika sal weier om langer die speelbal van partypolitieke wedywering te wees. Dan sal die Ossewabrandwag alle ander fronte omverwerp. O.B.-lede gaan nie weer vir mense stem wat sê hulle moet tronk toe gaan nie, soos daar vandag gesê word.

Die groot vergadering het op waardige wyse hulde gebring aan die twee leiers wat hierdie maand verjaar. Die verrigtinge is gelei deur komdt. A. du Toit, terwyl prof. E. E. van Rooyen met gebed voorgegaan het. Hoofkomdt. Willie Marsh het die gaste verwelkom, en gebiedsleier, genl. F. D. du Toit van Zyl het die gelukwensinge oorgebring. Genl. van Zyl het o.a. gesê dat dit nie baat om nasionalisme aan te blaas as ons nie ook voorsorg tref dat die volk klere en voedsel het nie. In hierdie opsig het die K.G. die weg aangetoon. Hierdie nuwe idee wat meer en meer pos oor die hele wêreld en net so sal die Ossewabrandwag groei en binnekort regeer. *'n Idee word nie deur 'n oorlog doodgemaak nie. Al sou Hitler saam met Duitsland vandag vernietig word, kan sy vyande nie meer belet dat daardie idee wat hy gebring het, sal voortlewe nie. Dieselfde idee het die Ossewabrandwag aan die Afrikanervolk geopenbaar en dit kan nooit meer sterf nie. Die Franse Revolusie het ook 'n nuwe idee aan die wêreld gebring, en hoewel Frankryk daarna op die slagveld verslaan is, het daardie idee hom oor die hele wêreld verbrei. So sal die idee wat die Ossewabrandwag in Suid-Afrika verkondig, ook nog seëvier.*

Genle. mev. J. S. du Toit het kortliks oor die O.B.-daginsamelings gepraat en die bereidwilligheid van O.B.-lede om sulke groot offers te bring geloof.

Die O.B.-wag het 'n flinke vertoning gemaak, terwyl die O.B.-blaasorkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel musiek verskaf het.

'n Erewag van die Boerejeug was voor die verhoog opgestel by die binnekoms van die sprekers.

## WAS ALBEI IN TRONK MAAR NOU VERLOOF

Mej. Willie van der Westhuizen van Carolina, en Johannes du Plessis van Lichtenburg, was albei in Februarie 1943 aangehou in die tronk ,,vir ondervraging". Eersgenoemde is na elf dae vrygelaat, maar Johannes is deur 'n Spesiale Hof tot vyf jaar tronkstraf veroordeel. Aan die begin van hierdie jaar is hy egter deur die Appèlhof vrygespreek. Na al hierdie avonture is die twee op 24 Augustus ll. verloof te Lichtenburg waar hulle tans albei werksaam is.

## INLIGTING I.S. KERKHOF

Omtrent vier myl van die dorp Stutterheim is 'n konsentrasiekampkerkhof bestaande uit ongeveer vyftig grafte.

O.B.-lede in die omgewing wil baie graag die plek in orde bring, maar beskik nie oor die feite omtrent die kerkhof nie. Al wat bekend is, is dat daar wel 'n konsentrasiekamp tydens die tweede Vryheidsoorlog was. Indien iemand iets daaromtrent kan meedeel, kan hy dit aan mnr. J. A. N. Cloete, Posbus 54, Stutterheim, rig.

# Volksbeweging 'n Boereskepping

## Europese Volke Het By Ons Geleer

In ons vorige artikel het ons gesien hoe die Transvaalse Republiek deur 24 Britse polisie geannekseer was sodra hy afgesien het van die Volksbeweging en op demokratiese wyse vir hom 'n man van buite gekies het as president. Maar toe die volk tot sy volksbeweging teruggekeer het by Paardekraal, het hy weer krag gekry en die vyand uit sy poorte verjaag. Die Republiek is herstel na die oorwinning by Amajuba.

Hierdie staat het ondergegaan met die Anglo-Boere-oorlog. Hierdie keer nie net 24 Natalse polisie nie, maar tienduisende soldate en miljoene ponde moes Engeland spandeer. En hy kon ons oorweldig alleen oor die lyke van manne, vroue en kinders. Toe kon hy ons ook net oorweldig, maar lank nie oorwin nie! Want Shepstone het alleen te doen gehad met die staat, maar Kitchener het te doen gehad met staat plus die Boerevolksbeweging! En dit was die allersterkste mag. Die hele volk was gemobiliseer teen Engeland se troepe — die Anglo-Boere-oorlog was die eerste totale oorlog van die moderne geskiedenis.

En die heldhaftige stryd van hierdie Boere was bekend en het die aandag geniet van die ganse wêreld!

So skryf Adolf Hitler in ,,Mein Kampf":

,,Toe het die Boere-oorlog gekom, soos 'n weerliggloed aan die verre horison. Dag-na-dag het ek die koerante aandagtig dopgehou en ek het die telegramme en leërberigte omtrent verslind, geweldig verheug dat ek getuie mog wees van hierdie heldestryd, al was dit vanaf so 'n groot afstand."

Europa het homself afgevra wat dit was wat die klein Boerevolkie so in staat stel om weerstand te bied teen die allergrootste wêreldmag van daardie tyd. **En die antwoord was dat deur die genade van God dit die Boerevolksbeweging was, wat die hele volk kon mobiliseer tot so 'n ongekende mag.**

Ook ander volke het weer inspirasie geskep uit hierdie nuwe ding uit Afrika. Die Finse volk wat onder Rusland gestaan het, het hulle georganiseer as 'n volksbeweging op Boere-model — omtrent net soos die Ossewabrandwag. In 1917 het hulle met die wêreldgebeurtenisse hul geleentheid gekry om die Russiese juk af te gooi. En vandag put die Boerevolk weer inspirasie uit die helde-stryd van Finland plus sy volksbeweging.

Gedurende die Anglo-Boere-oorlog is Kimberley beleër deur die Boere. In Kimberley was 'n Engelse offisier wat van die geleentheid gebruik gemaak het om 'n studie te maak van die Boereverkenners. Hy het heengegaan en die Engelse jeug georganiseer in 'n jeugbeweging ,,Boy Scouts".

En vandag waar die Duitse volk met sy rug teen die muur veg teen ons vyande van 40 jaar terug daar put hy sy krag uit sy interne eenheid en sy totale mobilisasie, onder leiding van 'n man wat as seun noukeurig dopgehou het, die krag van die kleine Boerevolkie wat ook bereid was om sy offers te bring in manne, vroue en kinders.

Die volksbeweging is vir die Boerevolk niks nuuts nie — dis vir ons 'n ou ding.

**Maar meer nog. Ons volk was die eerste om die stryd aan te bind teen die liberalisme en ons het aan die wêreld ook meteen sy beste wapen verskaf — die volksbeweging, waarin dit een is vir almal en almal vir elkeen.**

Mag ons ook spoedig weer onsself vind en al ons kragte saamsnoer. Mag ons weer soos ons vaders die kommandostelsel aanvaar en mag ons almal onder leiding van ons Kommandant-generaal weer saamstaan en tot die dood-toe trou sweer aan:

My God, My Volk, My land Suid-Afrika!

## *VERJAARDAGKETTING*

28 Sept.: Gustave Gerber, George; Hennie Laubscher, N. Paarl; Helena Kriel, Mosselbaai; Rudolf Viviers, Upington; Esmie Redermann, Carnarvon; Ada v. Niekerk, Golden Valley; Jacoba A. v. Eck, Port Elizabeth; W. Kaarsten, Bellville; Johannes C. Marais, P.K. Butwater; Jacob S. v. d. Walt, Pos Beauty; Johanna E. v. Staden, Springbok.

29 Sept.: Danie Geldenhuys, Stellenbosch; Maria M. Marcus, Port Elizabeth; Josia St. Victor, Wynberg; Susanna Kitshoff, Woodstock; Gerhardus Visagie, P.K. Witkop; Willem J. Visagie, P.K. Witkop; George St. Malherbe, P.K. Roelofskamp; Susanna M. v. d. Merwe, Middelburg.

30 Sept.: Susara J. Rohrbeck, P.K. Kalkbank; Maria de Koker, P.K. Bulwater; Delia Smith, Malmesbury; Jacoba C. W. Erasmus, Merweville; Sanete Duraan, P.K. Grootdrink; Coenraad van Greunen, Kirkwood; P. J. de Villiers, P.K. Papiesvlei; Ella S. Bergh, Aughrabies; Ulrich Faure Fischer, Kuilsrivier; Ernest v. d. Merwe, Paarl.

1 Okt.: Esta Brink, Sutherland; Francietta J. M. Smit, P.K. Witkop; Hester Rossouw, Ashton; Sarel Cloete, Bethlehem.

2 Okt.: Francois Frolich, Stellenbosch; C. Schmidt, Stellenbosch; Jopie van Ryswyk, Stellenbosch; Johanna E. F. Steyn, P.K. Karreedouw; Hilmar Venter, Tarkastad; Robert Pio, Groot Brakrivier; Petronella M. Fourie, Wesselsbron; Abraham M. Herbst, P.K. Hoëwal; Susara J. Coetzee, P.K. Boszokrand; Anna van Wyk, Rustenburg; Willem J. v. d. Merwe, P.K. Gilead.

3 Okt.: Aletta J. v. d. Schyff, P.E.; A. J. de Lange, Somerset Oos; Maretha Retief, Wellington; Christina Nel, Wilgenhoutsdrif; Elna Kruger, Paarl; Alsa Goosen, Ceres.

4 Okt.: Francis Gouws, Port Elizabeth; Wessel Landman, P.E.; Louiza van Wyk, Rustenburg; Johannes J. J. Venter, P.K. Zoetdoorn; Helene M. Dippenaar, Philippolis.


## Schoemanello Drank....

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE**

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.**

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**

**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**

